

Skriflesing: 1 Petrus 1:1-9

Tema: Christene leef loflewens!

Lof aan God, hoop, vreugde en onuitspreeklike en heerlike blydschap - is dit woorde wat jou lewe beskryf?

Ek dink baie van ons sal dadelik reageer en sê dat dit nie eintlik waar is van ons lewens nie. Maar ek sien lof, hoop, vreugde en blydschap in baie Christene en lidmate se lewens, soms in baie moeilike omstandighede.

Petrus skryf die brief wat ons gelees het kort voor hy as martelaar sterf.

Die mense aan wie hy hierdie brief skryf, is sleg behandel omdat hulle Christene is. Hulle was minderhede wat nie tuis was in die toestand wat in wêreld geheers nie. Hulle is verontreg, verdag gemaak, geboikot en vervolgd deur die Romeine, Jode en familieledes wat nie tot geloof gekom het nie.

Gelowiges waaraan die brief geadresseer is se omstandighede was so moeilik dat hulle dreig om tou op te gooi. Hulle sien nie langer kans vir hulle vreemdelingskap nie. Belediging en diskriminasie het gemaak dat hulle nie meer hoop vir die toekoms het nie. Vasgevang in moeilike omstandighede kan hulle òf die ongelowige hoofstroom se lewenswyse en oortuigings aanvaar òf hulle kan reg in eie hande neem en vergeld òf hulle kan 'n lae profiel handhaaf en net nie meer getuig en 'n verskil vir die Here maak nie. Petrus gee hierdie gelowiges 'n groter perspektief op hulle situasie. Hy doen dit deur ou waarhede in hulle ander omstandighede nuut toe te pas.

Hy roep vir hulle op: Christene leef loflewens!

Wat of wie is die bron van ons loflewens? Die bron van ons loflewens is God en ons status in Hom. Wie is ons in Hom?

1. Ons is uitverkorenes van God.

Die Vader, Seun en Heilige Gees werk saam in ons verkiesing en verlossing.

God die Vader het ons gekies en ons syne gemaak lank voordat ons Hom gekies het. Ons lees in Efesiërs 1:4-5: "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In Sy liefde het Hy ons, volgens Sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus Sy kinders te wees."

Die Almagtige God het in genade besluit om jou Sy kind te maak. Hy het vir ons nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Christus uit die dood.

Die Heilige Gees het ons vir God afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees. Die Gees maak ons harde harte sag en lei ons tot geloof.

Ons is besprinkel deur die bloed van Christus. Hy het vir ons gesterf toe ons nog verlore sondaars was om die sonde wat skeiding gemaak het tussen ons en God, te oorwin. Ons staan in 'n nuwe verhouding met God.

Ek lees die afgelope week weer die treffende waarheid raak dat ons al 20 eeue voor ons geboorte gered is toe Christus in ons plek gesterf en opgestaan het. Ons moet dus nie vir mekaar vra wanneer jy gered is nie, maar of jy al die redding wat lank reeds bewerk is in geloof aanvaar het?

Die feit dat jy uitverkies en gered is, beteken nie dat jy nie teëspoed gaan ervaar nie.

2. Ons is vreemdelinge in die wêreld.

Die gelowiges waaraan Paulus die brief stuur, was uitlanders. Hulle was politieke en burgerlike vreemdelinge wat nie regte gehad in die gebied waarin hulle gewoon het nie. Hulle was ook geestelike vreemdelinge.

So is kinders van die Here vandag steeds vreemdelinge. Ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie (Joh 17:14). As ons opstaan en 'n verskil maak vir Christus, sal ons verstoot word en daar sal teen ons gediskrimineer word. Geestelike vreemdelingskap vra van ons 'n prys.

Beproewings gaan oor ons pad kom. Ons kan ons verheug oor beproewings, want dit gaan ons vir 'n kort tydjie bedroef maak, maar ons geestelike lewens vir altyd verdiep en dit loop vir ons uit op 'n ewige heerlikheid.

Petrus se grootste beproewing was toe mense vir Hom gevra het of hy nie saam met Jesus was nie en hy dit drie maal ontken het. Die verloëning van Jesus en die Heilige Gees wat hom vervul het, het sy lewe onherroeplik verander. Dit het Petrus die rots gemaak waarop die Here Sy kerk gebou het.

God se plan met beproewings is om die egtheid van ons geloof te toets en te versterk sodat dit lof, heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms.

Soos goud kosbaar is, so is ons geloof kosbaar vir God. Soos goud gelouter word om van onsuiverhede gesuiwer te word, so sal ons gelouter word. Goud smelt by ongeveer 1 064 °C en kook by ongeveer 2 856 °C. So sal ons ook soms gesuiwer word.

Ek lees ook die volgende interessantheid oor goud raak: "Suiwer goud is baie sag. Goud is die mees smeebare en rekbare metaal van al die bekende metale — dit kan gehamer word tot 'n dikte van ongeveer een honderste van 'n millimeter en 30g goud kan uitgerek word tot 'n gouddraad met 'n lengte van 100 km." So ook behoort ons geloofslewens nie harder nie, maar sagter en meer smeebaar te raak soos wat ons gelouter word.

Te midde van ons daaglikse swaarkry en beproewings kan ons vashou aan die wonderlike waarheid dat ons vreemdelinge in 'n wêreld is wat net ons tydelike adres is.

3. Ons is mense met 'n toekoms.

Petrus skrywe aan mense sonder hoop oor 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir ons in bewaring gehou word. Hierdie erfenis sal nie stukkend of verlore raak nie, want God bewaar dit vir ons.

Ons wat glo, is seker dat ons sal deel in die erfenis, want nie net bewaar God ons erfenis nie, Hy bewaar ook vir ons. Hy hou ons vas sodat niks ons geestelik kan seermaak nie.

En ons erfenis is nie net vir eendag nie, ons deel nou reeds aan die saligheid wat die einddoel van ons geloof is. Ons saak met God is vandag al reg. Ons deel vandag in 'n lewe van oorfloed wat Hy aan ons skenk. Wanneer Jesus weer kom, sal God ons laat deel in die volmaakte erfenis wat Hy vir ons gereed gemaak het. Hierdie wete vervul ons met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap.

Afsluiting

As jy 'n lang-gesig-swaarkry-mens is, is jy òf nie 'n gelowige nie òf jy verstaan nog nie en leef nog nie uit die waarheid dat God jou gekies het nie, dat jy 'n vreemdeling in die wêreld is en dat jou toekoms in Hom vas en seker is nie.

Amen